

# Max Weber en 'n Christelike Sosiologie.

(SLUITINGSREDE AKADEMIESE JAAR 1951).

**DIT** is vir die Christelike sosiologie die eerste prinsipiële eis om hom los te maak van die humanistiese, en gevolglik skewe, visie op die menslike samelewing.

Hooggeagte Rektor van die Teologiese Skool.

Hooggeagte Rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Geagte Dames en Here,

Waar die eer my vanjaar te beurt geval het om by die beëindiging van die kolleges vir hierdie akademiese jaar die sluitingsrede te mag hou, het ek vanself gespeur na 'n onderwerp wat lê op my besondere

---

*Deur D. C. S. DU PREEZ.*

---

vakgebied maar wat dan ook tegelykertyd in verband staan met ons reformatoriese erfenis.

In die lig van laasgenoemde beperking wil ek vanaand kortliks u aandag bepaal by 'n tema wat meer in besonder lê op die grensgebied van die ekonomiese sosiologie en die godsdienssosiologie, en wat vir die eerste keer aan die orde gestel is deur die beroemde Duitse sosioloog Max Weber (1864-1924) in sy publikasie **Die protestantische Ethik und der Geist des Kapitalismus.**

Dit is nou al ruim 45 jaar gelede dat Max Weber hierdie werk gepubliseer het oor die stimulerende betekenis van die Protestantse, en in die

besonder die Calvinistiese etiek vir die ontwikkeling van die kapitalistiese gees—'n publikasie waarop die bekendheid, ook buite die grense van die vakwetenskap, van hierdie groot sosioloog berus. Hierdie publikasie het nog niks van sy aktualiteit ingeboet nie en staan nog altyd in die middelpunt van die wetenskaplike belangstelling, soos blyk uit die onlangse vertaling van hierdie en ander werke van Weber, veral van Anglo-Amerikaanse kant. Maar hiermee is dan ook gesê dat in bepaalde wetenskaplike kringe die opvattinge van Weber 'n byna tradisionele bestanddeel geword het van die gangbare mening aangaande die bydrae wat die Protestantisme in sy verskillende skakeringe aan die moderne wêreld gelewer het. Aan die ander kant is dit waar dat hierdie gerugmakende publikasie oneindig aktiverend op die wetenskap ingewerk het en die aanleiding was tot 'n internasionale gedagtewisseling, met die resultaat dat ons kennis aangaande sowel die oorspronge en die karakter van die Kapitalisme as die sosiaal-etiese en ekonomiese strekking van die nammiddeleeuse Christendom 'n buitengewone verryking ondergaan het. Ek verwys hier o.a. na die werk van R. H. Tawney: **Religion and the rise of Capitalism.**

Wat was kortliks die strekking van Weber se betoog? Natuurlik alermens dat die Asketiese Protestantisme—en hieronder verstaan hy die Piëtisme, die Baptisme, die Metodisme, en as die mees konsekwente vorm die Calvinisme—verantwoordelik gestel moet word vir die ontstaan van die kapitalisme as sodanig. Weber was te goed gevorm in die historiese skool van Goldschmidt en Mommsen om so 'n historiese onsinnigheid te beweer. Daarenteen gaan Weber uit van die standpunt dat in 'n meer algemene sin alle kultuurlande die Kapitalisme in een of ander vorm geken het.

Die moderne Wes-Europese beskawing het egter 'n spesifieke Kapitalisme voortgebring, wat genoem kon word die Burgerlik-rasionalistiese, tegniese-organisatoriese arbeidskapitalisme, in onderskeiding van die spekulatief-finansiële, eventueel ook roofsugtige gewelddadige pariarisiko- of avonturierskapitalisme, almal vorme “without ethical restraint” en wat Weber geheel en al tersy laat.

Afgesien van allerlei bykomstige tegnologiese en organisatoriese verskille rus hierdie kapitalisme op twee grondpilers, t.w. (a) die rasionele organisasie van [formele] vrye arbeid of, soos Weber dit self uitdruk: „Only modern Western Capitalism has “centred on a (formal) free wage-earning class, separated from ownership of the means of production” (Vertaling van Talcott Parsons). Die tweede grondpiler is die winsmotief. „Thus in the system once established **profit** had to be end, in fact the ruling end of action, no matter what the ultimate individual

motive above might be" (Talcott Parsons). Hierdie winsmotief moet egter gepaard gaan met 'n streng gedissiplineerde en suiwer rasionalistiese berekening van die rendabiliteit van die onderneming en met die benutting van all ekonomiese en sosiale moontlikhede met die oog op die maak van wins. „What characterises capitalistic acquisition is rather its rationality. It is acquisition, the pursuit of gain in a continuous rationally conducted enterprise. This may well involve a high degree of disciplining and tempering of the acquisitive impulse" (Talcott Parsons).

Sal hierdie sosio-ekonomiese stelsel tot bloei kom en homself handhaaf in die menslike samelewing, dan vereis dit volgens Weber 'n bepaalde ekonomiese gesindheid, 'n "Wirtschaftsgesinnung," 'n bepaalde psigologiese instelling, „a set of mental Attitudes directed towards economic activities as such." Dit opsig self is egter nie 'n genoegsame waarborg vir die voortbestaan van die stelsel nie. Hierdie ekonomiese gesindheid moet verder gefundeer wees op 'n waardesisteem, wat op sy beurt weer veranker is in 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. In die woorde van Talcott Parsons: „what Weber calls the "Spirit of capitalism" is a set of attitudes towards the acquisition of money and the activities involved in it."

'n Sentrale moment in hierdie kapitalistiese gees is die houding teenoor die arbeid, 'n houding wat primêr gekenmerk word deur 'n ernstige, energieke en absolute toewyding aan die vervulling van beroepsarbeid. Hierdie formulering moet dan so verstaan word dat die kapitalistiese produksiewyse as 'n tegniese-ekonomiese struktuur nie denkbaar is nie sonder en impulse ontvang uit bepaalde sedelike opvattinge, hier in besonder aangaande die diepere waarde, die „ethos" van die arbeid.

In die woorde van Weber self: „Die religiöse Wertung der rastlosen, stetigen, systematischen, weltlichen Berufsarbeit . . . musste ja der denkbar mächtigste Hebel der Expansion jener Lebensauffassung sein, die wir hier als „Geist" des Kapitalismus bezeichnet haben"—dus 'n ekonomiese gesindheid wat kulmineer in 'n „ethos" van die arbeid.

Na hierdie uiteensetting van die kapitalistiese, produksiewyse en die daarmee gepaard gaande kapitalistiese gees het Weber vanself te staan gekom voor die vraag na die oorsprong van laasgenoemde. Sonder om die kapitalistiese produksiewyse insluitend uit religieuse motiewe te verklaar, stel Weber, op grond van sy veelsydige en vergelykende godsdienssociologiese ondersoekinge tog vas dat dit die protestantse en in besonder die Calvinistiese beroepsetiek was wat aan die kapitalistiese gees 'n vrugbare voedingsbodem berei het, juis omdat in die Calvinisme

en in die Calvinistiese lewenstyl, wat deur Weber as „innerweltliche Askese” getipeer word, die Christelike volmaaktheid nie buite nie, maar binne die grense van die menslike beroep gesoek moet word. In die woord van die gesaghebbende Calvinistiese ekonoom Diepenhorst: „De verheerlijking Gods ook in het aardse beroep . . . is een gedachte die door geen der Reformatoren zoo zeer op den voorgrond gesteld is als juist door Calvijn.”

Aan hierdie beroepsetiek soos dit deur die protestantse-Calvinisme ontwikkel is, in verbinding met die uitverkiesingsgedagte, wat volgens Weber 'n leer is van „Pathetische Unmenschlichkeit” en lei tot 'n ongehoorde vereensaming van die individu, heg Weber in die verband van sy hele gedagtegang besondere betekenis. Wat nou die nougesette vervulling van die beroepsplig betref, wys hy daarop dat die begrippe „geroepene,” „roeping,” „beroep” nie sinlose woordvariante is nie, maar dat hulle uitdruk hoe die Calvinis 'n prinsipiële onwêreldse gesindheid bely deur 'n intensiewe heiliging van die daelikse lewe nie terwille van die lewe self nie maar terwille van God. Wat hierdie predestinasieleer betref, wat deur Weber as die mees karakteristieke dogma van die Calvinisme beskou word, is die praktiese uitwerking daarvan dat dit die gelowige aanspoor om deur rustelose arbeid en beroepsywer die goddelike genade te verwerf, of as hy alreeds daarvan verseker is, die eer van God deur sy arbeid te help verbrei. Onomwonde en kernagtig konkludeer Weber: „Die soziale arbeit des Calvinisten in der Welt, ist **lediglich** arbeit im majorem gloriam dei.”

Binne die raamwerk van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing het hierdie hele kompleks van asketisme, gepaard met 'n merkwaardige aktivisme en 'n dikwels lewendige en ontembare daadkrag, van sekerheid en toekomsverwagtinge, van oortuigdheid en vrees, gelei tot 'n eiesoortige dissiplinerende en metodiserende van die lewe, omdat die gelowige die noodsaaklikheid gevoel om homself, onder die gesigspunt van die vir die ewigheid beslissende uitverkiesing, onder voortdurende kontrole te hou nie alleen in die beroepslewe nie maar ook in die privaat lewe, sy intiemste sfere, soos die seksualiteit, inbegrepe. Maar dit het ook 'n menstipe gekweek met 'n skerp geprolifeerde, uiters gedissiplineerde, „vormvaste” en selfbewuste persoonlikheid, wat in die wêreld, al is hy daaraan in die diepste sin vreemd, sy weg met geen beletsel ontwykende en met religieuse aangewakkerde volharding, baan.

Paradoksaal uitgedruk, sou 'n mens kon sê dat die Calviniste die ontwikkeling van die wêreldse kapitalisme deur hulle by uitstek omwêreldse inslag bevorder het en dat hulle die vorming van kapitaal, deur hulle afkeer om gebruik daarvan te maak, bevorder het.

Hierdie stelling van Weber, waarin hy die noue samehang tussen Kapitalisme en Calvinisme vasgelê het, en wat hy met besondere seggingskrag en skerp psigologiese analise voorgedra het, het in die eerste plek 'n omkering van die marxistiese sienswyse insake die rol wat die geestelike en stoflike determinante speel in die sosiaal-historiese proses, probeer bewerkstellig.

Wanneer ons straks daartoe sal oorgaan om ons eie standpunte te stel teenoor die van Weber, dan moet vooropstaan dat die ondersoek na die **verhouding** tussen geestelike en stoflike groothede behoort tot die kernprobleme van die geskiedenis en die sosiologie, en lei, met oorskryding van alle strik-metodologiese vraagstelling, tot die dieptes van lewens- en wêreldbeskouing van waaruit die wetenskaplike denke eintlik gewek en gevoed word, dus intrinsiek wysgerig van aard is.

Die vraagstelling van Weber was 'n duidelike godsdienssosiologiese vraagstelling gerig op die samehang tussen religieuse en ekonomiese verskynsels in die sosiale werklikheid, meer spesiaal die uitwerking van die spesifiek-protestantse arbeidsethos op die ekonomiese sfeer. Terloops wys ek hierop dat hierdie publikasie, bygewerk en vermeerder, in 1920 as Band I verskyn het in die serie **Gesammelte Aufsätze zur Religionssoziologie**, 3 bande.

Vir die beantwoording van hierdie vraagstelling het Weber sy eie sosiologiese visie gehad, met sy eie sosiologiese metode, sy eie wetenskapsideaal, gefundeer in sy eie wysgerige uitgangspunt. Ons kritiek op Weber sal hom dan ook toespits op hierdie grondvrae van sy sosiologiese konsepie, om dit daarna te konfronteer met ons eie.

Weber gaan uit van die veronderstelling dat, sosiologies beskou, die Christendom in al sy skakeringe bloot 'n historiese verskynsel is, op gelyke voet met al die ander nie-Christelike godsdienste. Laasgenoemde word dus as volkome gelykgeregtigde sosiologiese strukture naas die Christendom beskou.

Hierdie historiese Christendom word dus suiwer humanisties geïnterpreteer, d.w.s. losgeruk uit die samehang en gesag van die Goddelike woordopenbaring, omdat op humanistiese standpunt die ondersoeker hom moet verset teen elke outoritêre binding, waardeur die goddelike woordopenbaring die wetenskaplike denke aan bande lê. Dit sou immers, volgens die humanistiese wetenskapsideaal, 'n „dogmatiese binding” van die wetenskaplike ondersoek beteken.

In hierdie historiese verskynsel Christendom ontdek Weber wat hy noem „'n religieus-sosiologiese grondskema,” met twee faktore wat voortdurend in radikale spanning met mekaar verkeer, nl. 'n „absoluut

religieuse individualisme" en 'n „absoluut religieuse universalisme.“ Die Calvinisme word dan by voorkeur, in verband met die leer van die uitverkiesing, as 'n tipiese vorm van „religieuse individualisme" gekwalifiseer. Vandaar dat Weber vanuit sy religieus-sosiologiese grondskema die leer van die uitverkiesing noem die kerndogma van die Calvinisme. Terstond wys ek daarop dat Weber die leer van die uitverkiesing grondig misverstaan het en verwys ek na die treffende opmerking van Kuyper: „De uitverkiezing is (deswege) door de Gereformeerden steeds als uitverkiezing in Christus, en Christus hierbij als het hoofd der herboren mensheid beleden . . . . Individuen op zichzelf bestaan er niet; er bestaan niets anders dan „*membra corporis generis humani*.“ Hier is dus geen sprake van 'n vereensaamde individu nie maar van gelowiges, in die lyn van die Verbond, as lede van een liggaam wat in Christus geheilig is. Maar hieruit volg ook dat die verband tussen die Calvinisme en Kapitalisme op hierdie punt nie so deursigtig is as wat Weber dit voorstel nie.

Die hierbo uiteraard slegs beknopte weergawe van Weber insake die probleem van die verhouding tussen Calvinisme en Kapitalisme staan en val in die eerste plek met die juisthede van sy konsepsie van 'n „religieus-sosiologiese grondskema," en hierdie konsepsie staan en val met die wysgerige uitgangspunt van sy „Religionssoziologie."

Wat die laaste betref, merk ons op dat hierdie „Religionssoziologie" gewortel is in die historiese immanensiestandpunt, d.w.s. daardie wysgerige standpunt waarvan al die heersende rigtinge in die sosiologie stilswygend uitgaan, en wat gekies word in die teoretiese denke self, wat dan as selfgenoegsaam beskou word.

Verder moet alle sosiale verskynsels, wat bloot as histories-sosiologiese verskynsels tegemoet getree word, deur 'n sgn. dogmaties onbevooroordeelde wetenskaplike metode ondersoek word. Die bepaalde dogmaties onbevooroordeelde wetenskaplike metode, wat Weber in die sosiologiese begrippewêreld ingevoer het en deur hom gebruik word, is die sgn. ideaal-tipiese metode. Weber sit uiteen hoedat die ideaaltipes verkry word deur enkele trekke uit die „historiese werklikheid" bewus te oordrywe en van al die ander trekke te abstraheer. Hy gee toe dat so 'n ideaaltipe nêrens in die historiese werklikheid suiwer terug te vind is nie. Hy het dan ook uitdruklik hulle betreklike, willekeurige en konstruksionalistiese karakter erken en verklaar dat hulle allermens as normatiewe tipes opgevat moet word.

Op hierdie wyse kan die ondersoeker 'n ideaaltipe vorm van byvoorbeeld die moderne burokratiese staat, die kerk, die sekte, die Protestantisme, die Calvinisme. Maar dergelike ideaaltipes bly ten slotte bloot sub-

jektiewe denkskemas, wat die ondersoeker uit die subjektief-historiese verskynsels self, met bewuste idealisering van hulle rasonale tendense, geabstraheer het en wat as sodanig niks kan bydra tot die insig in die wesenlike totaliteitstrukture van die menslike samelewing nie. Hoeseer onbedoeld ook word die ideaaltipe tot 'n normatiewe struktuurprinsipe verhef. Dit kan ook nie anders nie, omdat sosiale verskynsels nou eenmaal 'n normatiewe struktuur besit, wat veranker is in die goddelike skeppingsorde.

Die „Religionssoziologie” van Weber is nie in staat om ons die ware struktuur van die Calvinisme en die Kapitalisme te onthul nie, omdat dit aangedryf word deur die humanistiese wetenskapsideaal in sy moderne historiese wending, en hierdie wetenskapsideaal staan en val met die geloof in die volstreekte outonomie van die menslike persoonlikheid in sy „rede,” en dit belet die ondersoeker om norme, orde, struktuur te aanvaar wat nie uit die teoretiese denke self hulle uitgang vind nie en waaraan die ondersoeker, onafhanklik van sy subjektiewe denke en wil, onderworpe is.

Van 'n ondersoek na die interne individualiteitstruktuur van die Calvinisme en die Kapitalisme vind ons by Weber dan ook geen spoor nie. Die ideaaltipiese metode is in sy subjektivistiese en nivellerende karakter, daartoe ook nie in staat nie.

Waar dit in die sosiologie as totaliteitswetenskap in die eerste plek gaan om 'n insig in die tipiese totaalstrukture van die menslike samelewing en om die verskillende maniere waarop hulle in die konkrete samelewingsorde onderling en onverbreeklik met mekaar vervleg is, is dit vir 'n Christelike sosiologie die eerste prinsipiële eis om hom los te maak van die humanistiese en gevolglik skewe visie op die menslike samelewing en 'n skeptiese houding aan te neem teenoor die hele pseudowetenskaplike metode, wat die wesenlike strukture van die menslike samelewing, met hulle in die skeppingsorde verankerde normatiewe aspekte, uitskakel.

So 'n sosiologie kan slegs geleidelik tot ontwikkeling kom, maar primêre eis daartoe is die reformasie van die gangbare visie op die sosiale werklikheid, waartoe 'n skriftuurlike wysbegeerte 'n noodsaaklike voorvereiste is, en in die onderhawige geval 'n intensiewe wisselwerking met 'n Christelike ekonomie en 'n Christelike historiese beskouing. Eindelik is ook nodig 'n radikale omsetting van ons hele wetenskaplike visie op die geskape werklikheid, deur die geestelike dryfkrag van die grondmotief van die goddelike woordopenbaring, nl. skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus in die gemeenskap van die Heilige Gees.

So 'n nuwe fundering van die sosiologie sal wel deeglik profyt trek uit wat tot dusver deur die sosiologiese ondersoek verrig is, ook deur Max Weber en sy skool, maar dan onder sterke skifting van die hierby ontdekte werklike stand van sake en met radikale afwysing van die wêreldbeskouing en ideologieë, wat agter die sgn. dogmatiese onbevooroordeeldheid van die wetenskaplike metode verberg is en wat die interpretasie van die feite op fundamentele wyse beïnvloed.

Hier is ongetwyfeld nog 'n ryke taak weggelê vir die Christensosioloog wat met die metode van die struktuuranalise die bonte weefsel van die menslike samelewing in sy ingewikkelde struktuurverwewing en in sy onderlinge struktuurvervlegting teoreties-wetenskaplik kan ont-rafel — 'n taak waartoe ons as kinders van die Reformasie geroepe is om in die wêreld te getuig dat God die Here nie alleen die Koning is van die hemel en die aarde nie maar ook Koning is van ons wetenskap, en dat Hy ook ons skrede sal rig op die weg van die Waarheid, wat Hy ons in Christus geopenbaar het.

Geagte toehoorders, ek dank u vir u welwillende gehoor.